DIE LOOT

NUUSBRIEF VAN DIE GEREFORMEERDE KERK BELLVILLE

60 JAAR 1957 - 2017



"Elkeen wat die Vader vir My gee, sal na My toe kom;
en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit verwerp nie." *Joh.6:37*

7 Mei 2017

1. EREDIENSINLIGTING

Oggend	**Ds. C.C.A. VREY**	**Aand**	**Ds. C.C.A. VREY**
Sing vooraf	Ps. 86: 6, 8	Sing vooraf	Sb. 12-2: 2, 3 (27)
Sing	Ps. 75: 1, 2	Sing	Ps. 105: 1, 2
	Ps. 119: 33, 35		Sb. 17-2: 1 - 4 (18)
	Ps. 75: 4, 6		Sb. 14-1: 1, 3 (73)
	Ps. 25: 2, 6		
Skriflesing	Filippense 3: 1 - 4: 1	Skriflesing	Filippense 2: 5 - 11 Hebreërs 4: 14 - 16 HK Sondag 14
Teks	Filippense 3: 17 - 18	Teks	Filippense 2: 6 - 8
Tema	**Om as 'n burger van God se koninkryk te lewe**	Tema	**Die Seun van God word mens en Jesus word gebore**
Katkisasie-opening: Psalm 103: 1			

2. GEMEENTENUUS EN -AKTIWITEITE

ADMINISTRASIE

Vanaf Junie sal die kerkkantoor se ure verskuif na **Dinsdae** van **09h00 tot 12h30** vir alle navrae.

BASAAR: WIT OLIFANTE

Aangesien daar beperkte stoorplek beskikbaar is, is daar besluit om van die items nou reeds te koop aan te bied. Indien u belangstel in 'n artikel tussen die wit olifante, kan u 'n aanbod maak by sr. Magda Groot (084 450 6166) of sr. Tillie Wüst (084 503 5552). Die hoogste aanbod sal aanvaar word. Hierdie reëling sal slegs tot einde Julie in werking wees, sodat voldoende voorraad vir die basaar opgebou kan word.

BIBLIOTEEK

Ons benodig hulp by die kerk se biblioteek met die skryf van resensies, aankoop van boeke en ander take. Lidmate wat belangstel om betrokke te raak, kontak asseblief sr. Willina Cilliers (082 738 1809).

BYBELSTUDIE

Bellville - Dinsdag om 09h30 en 19h00 in die konsistorie
Oggend: Handelinge 7: 3 e.v. / Aand: Handelinge 7: 6 e.v.
Bybelstudie vir mamma's - Woensdag 09h30 (kontak sr. Sanet van Hoving - 083 642 0611)

DORKAS

Die Dorkas-groep vergader Dinsdag oggend om 10h30 in die konsistorie. Die kontakpersoon is sr. Lizette Opperman (082 580 4481).

FACEBOOK

Is jy al vriende met GK Bellville? *Like* jy al ons blad Geref Kerk Bellville Gemeente? Indien nie, gaan loer gerus en kom gesels saam met die ander 105 vriende wat al deur middel van sosiale media op hoogte bly van ons doen en late.

GELUKWENSING

- Br. Johan en sr. Ronnie Joubert (021 939 2844) het 'n agterkleinkind ryker geword
- Br. Dirk (072 783 3221) en sr. Marlene Maree (083 794 2562) het 'n kleindogter ryker geword

Ons is die Here dankbaar vir hierdie nuwe verbondskinders. Mag hulle julle lewens met liefde en vreugde vul!

HUISBESOEK

Wyk **Welgemoed** (oudl. Willem de Haan) ontvang hierdie week huisbesoek deur ons leraar.

HUIS BOLAND: KERMIS

Huis Boland hou DV Saterdag, 13 Mei 'n kermis. Dit begin om 09h00 en daar sal 'n verskeidenheid kos, lekkernye en handwerk te koop wees. Ondersteun gerus hierdie fondsinsamelings-projek.

MEELEWING

Ons bid die seën van die Here toe vir:

- Sr. Marthie de Klerk (079 978 9902) wat 'n hart-operasie ondergaan het en tans tuis aansterk
- Marnus en Leon Lombard (083 660 7297) wat beide in die hospitaal was met malaria

Sr. Annatjie Dijkstra is Donderdag, 27 April oorlede. Ons bede is dat haar geliefdes die Here se troos ryklik sal ervaar. Die troosdiens het reeds Woensdag plaasgevind

SKIEREILAND VIR CHRISTUS

Eerskomende Saterdag ontvang ons ‘n groep kinders van Laerskool de Waveren op die kerkterrein.

3. SUSTERS

MAANDVERGADERING

Alle susters word hartlik uitgenooi na ons vergadering op **Woensdag, 17 Mei** om 19h00. Koffie, tee en verversings word reeds vanaf 18h30 bedien. Sr. Sanet van Hoving gaan met ons 'n paar gedagtes deel oor die grootsheid van die sterreryk. Mooi klanke van verskeie musiek-instrumente is ook deel van die program. Die wyke verantwoordelik vir die aand se verrigtinge is: **Langeberg Ridge** (Rea Costerus), Brackenfell (Istelle Costerus) en Welgelegen (Elré Gerber).

TEESKINKBEURTE

Vandag: Wyke **Goodwood** (Glaudi Goosen), Langeberg Ridge (Rea Costerus), Oak Glen (Nicolette Costerus) en Parow Vallei (Debbie Daling)
Volgende Sondag: Gordonsbaai (Gerry van der Walt), Loevenstein (Debbie Joubert), Oude Westhof (Tillie Wüst) en Stellenryk (Bianca Myburgh)

4. VAN DIE KERKRAADSTAFEL

DIENSBEURTE VIR OUDERLINGE EN DIAKENS

Diakens
Vandag: Brs. Paul Swart, Lawrence Lombard, Marten Daling, **Ferdinand Hoffman**
Volgende week: Brs. Piet Reyneke, Dewald Costerus, Cobus du Plessis, Chrisjan Vrey

Ouderlinge
Vandag: Brs. Freddie Scheepers, Wilhelm Groenewald, Ben Groot, Daan Joubert
Volgende week: Brs. Andre Coetzee, Johan Snyman, Willie Buys, Gert Mulder

Diensbeurte in Rondebosch (ouderling en diaken)
Vandag: Brs. Llen Labuschagne, Ian Snyman
Volgende week: Brs. Jakobus Wüst, Herman Boneschans

Diensbeurte by Vrye Gereformeerde Kerk (ouderling)
Vandag: Br. Ben van der Walt
Volgende week: Br. Mark Lyons

HUISBESOEK DEUR DIE PREDIKANT

Mei: 8/05 Welgemoed, 15/05 Kenridge, 29/05 Oude Westhof
Junie: 12/06 Durbanville 1, 26/06 Durbanville 2
Julie: 24/07 Stellenryk

KOLLEKTE	**Vandag:**	**Volgende Sondag:**
Onder die erediens:	Huis Boland	GK Elsiesrivier
By die deure:	GKSA Sustentasiefonds	Teologiese Studentekas

VERGADERINGS

Skiereiland vir Christus
Vanaand na die erediens
Finansiële Kommissie
Maandag om 18h00 in die konsistorie
Dorkas
Dinsdag om 10h30 in die konsistorie

5. VERJAARSDAE

08/05	Br. Tommy Botha Br. David Myburgh Sr. Marilie Snyman	021 939 4230 / 084 551 0508 021 558 3827 / 073 512 1020 084 516 2600
10/05	Br. Rudolf Botha	083 641 6411
11/05	Eben Ferreira (1 jaar) Eben van Hoving (5 jaar)	079 032 1437 083 642 0611
13/05	Liam Curtis (16 jaar) Sr. Jane Hanekom	021 794 1991 072 292 6393

6. KERKLIKE GEGEWENS

Gereformeerde Kerk Bellville

Broadway straat 6, Bellville, 7530 — Posbus 5009, Bellville, 7535

E-pos: gkbellville@mwebbiz.co.za — Tel: 021 945 1515 Faks: 086 465 4609

Kerkkantoor: Donderdae 09h00 - 13h00

Predikant	Ds. Coen Vrey	082 808 4432
Kerkplanter	Dr. Simon Jooste	083 973 5818
RCSS Webtuiste	https://rcsasouthernsuburbs.com/	
Skriba	Oudl. Berend Meijering	083 291 7603
Admin Beampte	Sr. Willina Cilliers	082 738 1809
Koster	Br. Piet Reyneke	072 218 9988
Kassiere	Sr. Yolandi Taljaard	082 555 3380

Gereformeerde Kerk Bellville, ABSA, Santyger,
Takkode 632 005 Tjek rek 340 340 205

Taalversorging van preke	Sr. Geert van Jaarsveld
Vertalers	Brs. Willem de Haan en Freddie Scheepers
Webmeester	Br. Ben van der Walt 021 903 1505
Regstreekse erediens uitsending	http://kerkdienstgemist.nl/assets/462806

www.gkbellville.org — https://www.facebook.com/gk.bellville

Berigte vir Die Loot moet asseblief teen **Woensdag 16h00** per e-pos gestuur word na gkbellville@mwebbiz.co.za